Agri SA

Mediaverklaring / Media Release

Privaatsak / Private Bag X180 Centurion 0046, Tel +27 (0)12 643 3400, Faks/ Fax +27 (0)12 663 3178

Agri SA oor die komende plaaslike verkiesing
Agri SA on the upcoming local elections

1 Augustus/August 2016

Agri SA oor die komende plaaslike verkiesing

Die plaaslike verkiesing wat gedurende hierdie week plaasvind vra van alle Suid-Afrikaanse burgers om hul stem uit te bring en om raadslede te verkies wat absoluut toegewyd is tot etiese en effektiewe dienslewering op plaaslike vlak.

Suid-Afrika het nou kundigheid en visionêre leierskap nodig wat met die grootste ywer en opregtheid die belange van alle burgers op plaaslike vlak sal dien.

Agri SA doen daarom ‘n beroep op alle landbouprodusente, landboumaatskappye en alle ander rolspelers in die landbouwaardeketting om hul personeel die geleentheid te gun om hul stem by die naaste stembus uit te bring en hul demokratiese reg uit te oefen om vir die politieke party en kandidate wie hulle steun, te stem.

Agri SA doen ook voorbidding vir ‘n vreedsame en vrye verkiesing en vertrou dat alle politieke partye, kandidate en die breë Suid-Afrikaanse publiek die letter en gees van die OVK se verkiesingskode ten alle tye sal eerbiedig.

Plaaslike verkiesings is instrumenteel in ons strewe om die waardes en ideale vervat in ons Nasionale Grondwet vir alle Suid-Afrikaners te help ontsluit. Die geleentheid is juis nou om ‘n stewige fondament vir ‘n beter lewe vir al ons mense te verseker. Kom ons gryp dit aan deur aktief aan die plaaslike verkiesing deel te neem en ons stem vreedsaam en respekvol uit te bring. Jou stem tel!

Uitgereik deur Agri SA, Direktoraat: Korporatiewe Skakeling

Navrae
Mnr Johannes Möller, President Agri SA, 082 647 8481
Mnr Christo van der Rheede, Adjunk Uitvoerende Direkteur, Agri SA, 012-643 3400 of 083 380 3492

Agri SA on the upcoming local elections

The local elections which will take place during this week ask of all South African citizens to cast their vote and to elect councillors who are absolutely committed to ethical and effective service delivery at local level.

South Africa now requires expertise and visionary leadership who will serve the interests of all citizens at the local level with utmost diligence and sincerity.

Agri SA therefore calls on all agricultural producers, agricultural companies and all other stakeholders in the agricultural value chain to allow their staff to cast their vote at the nearest polling booth and to exercise their democratic right to vote for the political party and candidates they support.

Agri SA also pray for a peaceful and free election and trusts that all political parties, candidates and the broad South African public will respect the letter and spirit of the IEC's election code at all times.

Our National Constitution is an embodiment of particular values and ideals aimed at building a fair and just society and local elections are instrumental in unlocking these values and ideals through laying a solid foundation for a better life for all our people. The opportunity to make a difference presents itself during the coming week. Participate actively, peacefully and respectfully during the coming elections. Your vote counts!

Issued by Agri SA, Directorate: Corporate Liaison

Enquiries
Mr Johannes Möller, President Agri SA, 082 647 8481
Mr Christo van der Rheede Deputy Executive Director, Agri SA, 012-643 3400 or 083 380 3492